

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aanstek van die kerse

## Woorddiens

**Tema: Watter metafoor vir Jesus Christus werk vir jou?**

### Skriflesing: Matteus 25:31-45 (1953)

<sup>31</sup> EN wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit;

<sup>32</sup> en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei;

<sup>33</sup> en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit.

<sup>34</sup> Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.

<sup>35</sup> Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee;

<sup>36</sup> Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.

<sup>37</sup> Dan sal die regverdige Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee?

<sup>38</sup> En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee?

<sup>39</sup> En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom?

<sup>40</sup> En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.

<sup>41</sup> Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.

<sup>42</sup> Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie.

<sup>43</sup> Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie.

<sup>44</sup> Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie?

<sup>45</sup> Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.

### Broodjies vir die pad

The image of a king can be a disturbing one, as it carries the weight of hierarchical baggage with it, regardless of the noble intentions of many who would argue otherwise. Kings are

people of absolute power; all citizens of a kingdom are subjects of the king; what the king says is the law of the land; and to question it is to butt up against domination. As process-relational people, we argue that the characteristics of domination, subjugation, and coercion are contrary to what we believe about God, who is relational, cooperative, and persuasive.

The idea of Christ reigning over the world is contrary to the main agenda of the Gospels. It may be true that Jesus used kingdom-based images to describe what he believed to be true about God and God's purposes. But he was offering those images as being contrary and counterproposals to the imperial rule of Rome, Caesar, and all those who colluded with Rome to prop up an ungodly world of domination and subjugation. The idea which Jesus was promoting was to provoke people into imagining how they themselves would experience life differently if they were to behave as if God's beauty, truth, adventure, zest, peace, love, and justice were the "law of the land" instead of the oppressive ways of Caesar and the Roman Empire. Jesus' intent wasn't necessarily to place himself (or even God) on a throne to replace Caesar. Rather, Jesus wanted us to behave in such a way that would reflect an inner reality of what it would be like for us if we were to be citizens of a realm in which God's law of love was primary. Jesus' use of kings and kingdoms weren't about the person on the throne, but about each of us being empowered to walk and work in the world in such a way to create a new world order.

With all that said, the scripture commentaries for this day will not point to or uphold the king, kingdom, or reigning models. They are written from the belief that the biblical images of kings and kingdoms are intended to inspire us to look towards our own relationship with God, self, and others, instead of looking for One to "rule" over us in the same way that human political and monarchical people strive to dominate others.

<http://processandfaith.org/resources/lectionary-commentary>



### Openbare denkers of kompulsiewe hebbers van opinies?

*Hanru Niemand*

So elke nou en dan haal 'n Twitter-bekgeveg die nuus. Onlangs weer het Steve Hofmeyr 'n storm ontketen met sy twiets oor apartheid. Ek wil egter nie oor Steve of apartheid praat nie, maar wel oor dié soort bekgevegte.

Wat my telkens daarvan opval, is hoe stomp dit is en hoe vinnig dit gly na 'n eenvoudige uitskreeu van beledigings. Dat hulle so vinnig gly, is natuurlik nie uitsluitlik voor die deur van sosiale media te lê nie. Twitter se formaat, waar 'n mens net 'n sekere aantal karakters mag tik, asook ander platvorms, waar die oorfloed kommentare mens as't ware dwing om te spoedlees, dra by die tot die gly.

Met geen geleentheid vir genuanseerde argument nie, dra dit by tot die ontwikkeling van 'n kultuur van 'quick fix'-argumente. Al waarop dit dan uitloop, is die verheerliking van die feit dat jy 'n opinie het.

Nou, dit is seker 'n gevaarlike en oënskynlik teenstrydige ding vir 'n rubriekskrywer om te sê. Laat ek dit dan so stel: Om 'n opinie te hê is natuurlik nie op sigself 'n slegte ding nie, maar as dit geskied ten koste van gesprekvoering,

gedeelde begrip en kritiese denke, dan is dit 'n slegte ding. 'n Verskeidenheid opinies is nodig, maar nie genoeg nie. Ons moet dit rugsteun met logika en die bereidwilligheid om te luister.

Kritiese denke word ook te dikwels verwar met die bereidwilligheid om te bevraagteken of die uitdaging van die establishment. Miskien is dit omdat ons, veral in Suid-Afrika, ons van 'n geestes van konserwatisme en sensuur probeer loswikkell. Dit verlei 'n mens soms egter om te dink die anti-establishment-ouens het 'n alleenreg op die Rede.

Waar kritiese denke 'n bereidwilligheid om te bevraagteken vereis, behels dit tog ook meer as dit. Trouens, soms behels dit die teenoorgestelde van die kompulsiewe hê van 'n opinie. Kyk maar na Julius Malema: As kritiese denke bloot die uitdaging van die establishment was, dan was Juju die Prins van die Rede. As rasionaliteit en die hê van 'n opinie een dieselfde ding was, dan was Gareth Cliff die Koning van die Filosofe. Dit is in albei gevalle kennelik nie die situasie nie. Jy moet naamlik jou bevraagtekening kan begrond, soveel so dat jy ander kan oortuig dat jou kritiek geldig is.

Ons verloor te dikwels uit die oog dat die waarde van 'n verskeidenheid opinies - en die vryheid om dit te lug - juis daarin lê dat dit iemand anders kan oortuig, dat dit tot gedeelde begrip kan lei.

As jou opinie meer is as bloot die uitdrukking van smaak (soos om te sê dat jy Beethoven bo Mozart verkies), moet dit begrond word. As jy iemand se opinie wil aanval, moet jy op teenvoorbeelde kan wys, of sekere denkfoute kan uitwys en om dit te doen moes jy eers deeglik geluister het na wat hy sê (en nie sê nie!) en eers jou eie posisie ook deeglik onder loop neem voordat jy reageer.

Kritiese denke vereis dus 'n soort nederigheid en tentatieweit waaraan ons 'n nypende tekort het. Nederige, tentatiewe Twitter-profiel trek min aandag.

Nou, natuurlik is daar 'n tyd vir aksie en 'n tyd om jou tentatieweit en geduld opsy te sit. 'n Skreeugeveg wat handel in beledigings is egter nie doeltreffende optrede nie, oortuig niemand wat nie reeds aan jou kant is nie en dra niks by tot wedersydse begrip nie.

<http://www.netwerk24.com/stemme/2014-11-21-openbare-denkers-of-kompulsiewe-hebbers-van-opinies>

## Brood vir die pad

### Verwonderaar se vrae oor God

*André van Niekerk*

Ek het 'n vriend aan die dood verloor. Hy het ons ryk nagelaat, want hy was 'n mentor wat sy 80 jaar voluit geleef het.

Martinus Jansen van Rensburg was 'n ware "verwonderaar" – as ek 'n woord oor hom kan skeep.

Die eerste kenmerk van sy verwondering was die passie om te wil weet wat gewees kan word.

Van jongs af was daar 'n nuuskierigheid: die weetlus, leeslus en dinklus. Hy het sy skoolhoof-pa se biblioteek as kind opgelees.

In byna alles was hy geïnteresseerd. Hy was vol vrae oor die werklikheid, maar ook vrae oor die hart van die werklikheid: vrae oor God.

Op 12 het hy al moeilike Bybel-vrae aan die plaaslike dominee gevra.

Ongelukkig het hy ervaar dat daar nie juis ruimte vir sy soort in die kerk is nie.

Hy was deurgaans dankbaar dat hy neurochirurgie as loopbaan gekies het en as professor dokters in die breinwêreld kon inlei.

Daar was altyd te veel om nog ontdek te word en te veel nood om heeltemal te kon aftree.

Jare gelede stel ek in 'n gesprek voor dat hy Hans Küng se boek oor Christenwees moet lees. Daarin word kritiese Bybel-bevindings bespreek sonder om ongelooft te omhels.

Skaam, maar ook bly voel ek toe hy my sy eksemplaar wys: In leer herbind ná drie keer se deurlees en notas maak.

Spreuke 19:2 en 3 vat hierdie eerste kenmerk van verwondering goed saam:

“Ywer sonder kennis deug nie; oorhaastigheid bring foute. Sy eie dwaasheid bring 'n mens op die verkeerde pad en dan is hy kwaad vir die Here.”

Die tweede kenmerk van 'n verwonderaar is om te weet wat jy nie kan weet nie.

Immanuel Kant, vader van die denkrevolusie, het Westerlinge bevry van 'n klomp bangmakende bygeloof en ons aangemoedig om vir onself te dink.

Minder bekend is dat Kant ons tegelyk ook gemaak het dat ons breine as't ware geprogrammeer is om slegs binne tyd- en ruimte-kategorieë te kan dink.

Ons kan dit wat buite tyd en ruimte is – God, ewigheid, 'n uitdyende skepping en 'n skepping “uit niks” – nie rasioneel begryp nie. Ons kan dus nie bewys dat God bestaan nie, maar ook nie bewys dat God nie bestaan nie.

God gaan ons verstand te bowe. Dit bring spanning en ongemak mee:

- As gelowiges, hoe goed hulle dit ook al bedoel, die misterie van God verbloem omdat hulle vasstaan by ooreenvoudigde, dikwels Middeleeuse skemas oor God se skepping en verlossing;

- As die wonderlike metafore van die Bybel verskraal word tot koue geloofsleer en dreigende godsdienstigheid; en

- As Jesus, wat volgens oom Martinus so 'n duidelike venster op God se vergifnis, opoffering en medelye is, verduister word deur ou Griekse metafisiese begrippe dat 'n mens Jesus se dapper menslikheid en liefde nie herken nie.

Redeneer Paulus nie in sy lied oor die liefde (I Kor. 13) dat gelowiges se soeke na die buitengewone hulle juis van die liefde as grootste gawe kan weerhou nie?

Maak die verwondering aan kennis en tegelyk van tevrede wees om net ten dele te kan ken, ons hart en verstand nie oop vir God se misterie en daarom vir sy opofferende soort liefde nie?

As die werklikheid volgens die kwantumfisika wonderliker is as wat die klassieke fisika geleer het, is die hart van die werklikheid, God, nie ook veel wonderliker as wat ons tot dusver geglo het nie?

Die nie-verwonderaar soek na sekerheid en daarom na 'n verstaanbare verklaring.

Die beeld van God word verklein om in ons begrip te kan pas.

'n Verwonderaar – soos prof. Martinus – aanvaar God is groter as wat ons ooit kan verstaan. Ons ken ten dele (I Kor. 13: 12).

<http://www.netwerk24.com/stemme/2014-11-19-verwonderaarse-vrae-oor-god>